

Weet jy wat jou ware roeping is?

7 Januarie 2013

<http://www.voelgoed.co.za/vrouewatglo/weet-jy-wat-jou-ware-roeping>

Ons het elkeen 'n roeping. Maar beteken dit jy moet sit en wag tot jy weet wat dit is? Of moet jy dit wild en wakker gaan soek? Daar is verskillende maniere om dit te doen.

Daar is vir elkeen van ons 'n baie spesifieke roeping. God wil ons almal gebruik, so, niemand van ons hoef Hom te oortuig om dit te doen nie. Daar word vir jou drome gegee, jy moet dit net navolg. Ons moet egter ons tyd spandeer om ons verhouding met Hom reg te kry. So sal jy nader aan Hom beweeg en die boodskap van jou ware roeping kry. Intussen moet ons enige take, groot of klein, wat aan ons gegee word, met vreugde uitvoer. Uiteindelik sal jy uitvind dat dit wat dalk onbenullig gelyk het, jou opleiding was vir jou toekoms in diens van jou **geloof**. Hoe spandeer jy jou tyd op pad na jou roeping?

Hoe wag jy vir jou roeping?

- **Kyk watter een van die drie is jy. Liesel Krause-Wiid gee praktiese raad.**

'n Roeping is nie iets wat jy net een keer in jou lewe bereik nie. Dit is nie soos 'n atleet wat in 'n oomblik van roem die wenpaal oorsteek nie. Dit is 'n lewensproses wat ingevleg word in jou werk, jou verhouding met God, jou fokus op ander se behoeftes. Moenie jou oog net op die eindpunt hou nie, maar kyk elke dag rondom jou. Mense is geneig om in drie kategorieë te val as dit gaan oor hoe hulle leef terwyl hulle wag vir hulle roeping.

Al drie hierdie (baie menslike) neigings is nadelig. Dit sal jou gou van die spoor af laat gaan of jou heeltemal verteer. As jy egter bewus is daarvan, kan jy dit vermy en jou regte roeping navolg, al is dit 'n klein treetjie op 'n slag.

Te haastig om te luister wat jou roeping is?

Kom ons noem hierdie tipe mens die renjaer. Hy is baie gretig om sy **roeping** te hoor, maar hy is ongeduldig en oorhaastig. Hy wag nie vir meer spesifieke aanwysings of tekens nie. Hy wil nou aangaan en voortbeur om by die wenpaal uit te kom. Dit is vir hom 'n flou verskoning om te hoor 'n mens moet sit en wag vir 'n opdrag om te weet wat jou **roeping** is. "God kan nie 'n stilstaande kar stuur nie," glo hy.

En so meng hy in met die planne wat vir hom beplan is. Hy wil self aan die stuur wees, en hy kyk nie links of regs vir hulp of leiding nie. En soos hy verder en verder ry, gaan sy brandstof opraak of hy gaan 'n ongeluk maak. En so 'n ongeluk kan net hartseer bring. Baie mense kom in die versoeking om met God se planne op loop te gaan. Dit is omtrent 'n waarborg dat jy dan aan die ontvangkant gaan wees van ernstige hartseer of openbare vernedering. Of albei.

- **Is jy só 'n renjaer? Hier is raad:**

Dit is altyd wys om voor jy wegspring en met 'n idee of plan op loop gaan, eers by God te hoor of dit wat jy wil aanpak, werklik Sy wil en plan vir jou is.

Ons lees in Jesaja 30 dat Juda op hulle eie planne vertrou het. Hulle vertrou lê in hulle perde, hulle eie idees en hulle eie krag, nie in God nie! Dan staan daar in Jesaja 30:15: *As julle julle bekeer en tot rus kom, sal julle gered word. Julle krag lê in stil wees en vertrou hê.* Om te rus in Hom beteken onder andere om te vertrou en nie op jouself en jou eie planne nie. Wat 'n verligting!

Raak vandag nog rustig by Sy voete, sodat jy vrede kan kry oor jou besluite. Hy is nie net 'n bysaak nie, maar die belangrikste hoofstuk in jou lewe! Hou op om 'n gaatjie in jou program te kry om tyd saam met Hom te spandeer. Jy moet jou program omdraai en vir alles anders 'n gaatjie probeer kry.

God se plan met jou lewe het heel dikwels te doen met die talente en passies wat Hy vir jou gegee het. Hy wil graag hê jy moet 'n verskil maak hier op aarde met die gawes wat Hy vir jou gegee het. Spandeer tyd saam met Hom sodat jy Sy wil vir jou lewe kan leer ken.

As jy nie genoeg tyd maak nie, gaan jy sukkel om jou **roeping** uit te leef! Hy is die een wat jou toerus, wat jou rig en lei in wat jy moet doen.

Kan nie wag dat jou roeping ryp word nie?

Hierdie tipe mens is nog meer algemeen as die renjaer. Hy is net bereid om 'n klein rukkie te wag om te hoor wat God se planne is, en dan daarvan te vergeet! Hy voel as sy droom nie in 'n kort tydjie begin vrugte dra nie, was dit nie die moeite werd nie, of dit was nie die regte droom of **roeping** nie. Hy vergeet om aan daardie visie vas te hou en daaraan te werk. Om te **luister** en die opdrag na te volg. Hy besef nie dat God se **roeping** meer in die proses is as in die produk nie. En om te leef, ten volle te leef, is eintlik die proses. Hy gee sommer op as hy nie dadelik resultate sien nie.

- **Sien jy jouself hier raak? As iemand wat dink dat dit nie die moeite werd is om te wag nie? Lees hier:**

Jou mislukkings en foute kan in Sy diens gebruik word. Reg deur die Bybel sien ons hoe Hy mense met foute en al gebruik het. Moenie dat jou mislukkings jou verhinder om jou volle potensiaal hier op aarde uit te leef nie, moenie dat dit jou in sak en as laat nie. Sien jou mislukkings eerder as die trappe na sukses – ons almal weet tog daar bestaan nie 'n hysbak na sukses nie.

Navorsing het getoon dat die gelukkigste mense op aarde nie jonk of afgetree of beroemd of ryk is nie, maar diegene is wat hulle drome nastreef en uitleef.

Loop jy met jou roeping op jou mou?

Hierdie persoon bid heeltyd oor sy **roeping** of die planne vir hom. Heeltyd. En hy praat daaroor. Heeltyd. Oor wat vir hom beplan is. Soveel so dat ander dink hy is darem vreeslik spiritueel, want dit voel of hy so na aan God is. Maar hy doen niks. Dis net praat en bid, sonder enige moed om enige **geloof**stap te gee. Hy verdraai die spirituele sy van die lewe om sy onaktiwiteit te regverdig. Hy bou amper 'n muur om homself om hom teen vrees te beskerm. En daardie vrees kan baie dinge wees:

'n Vrees om sy **roeping** te mis, vrees om te misluk, vrees om as onspiritueel gesien te word.

Oorspiritualiseer jy dalk so? Kyk wat om te doen:

Daar word 'n droom in jou hart geplant. Jy word ook die talent gegee om daardie droom te verwesenlik. Jy moet 'n verskil hier op aarde te maak, dit is jou **roeping**, dis waarvoor jy gebruik word! Ons moet hierdie talente gebruik, ons moet die wil en verstand wat God vir ons gegee het, met Sy hulp inspan om 'n verskil te maak in die gebroke wêreld waarin ons leef.

Moenie jou droom dood broei nie. Kom aan die beweeg, niemand gaan namens jou jou droom en **roeping** 'n werklikheid maak nie.

Moenie dat vrees jou lamlê nie. Vra vir hulp, om die eerste tree te gee om jou **roeping** hier op aarde uit te leef. Onthou, jy hoef nie 'n predikant, pastoor of sendeling te wees om 'n verskil te maak nie. Elkeen kan gebruik word om Hom te verheerlik deur dit wat hulle doen. Selfs al maak jy motors reg, bring jy mense veilig van punt A na punt B en so eer jy lewe en God.